# Herdenk

## Huisgeloof- en groeigroepmateriaal



**Huisgeloof- en groeigroepmateriaal**

Sondag 8 Maart 2026

Tema: **Hier is ek!?**




**INLEIDING:**

Kwartaal temas 2026

| **Kwartaal** | **Fokus** | **Detail** | **Sosiaal** |
|---|---|---|---|
| Kwartaal 1 | Herdenk | Ou testament + Lydenstyd | Bybelse ete |
| Kwartaal 2 | Herinner | Geloofsbelydenis Reeks | C-Fees |
| Kwartaal 3 | Herstel | 40dae Karakters Reeks | Erfenis |
| Kwartaal 4 | Hervorm | 10de Maand (Solas) | Kerssang |

JESAJA 6:3

Die serafs het mekaar telkens toegeroep:

“Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige!

Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid.”

Sê die woorde van die engele hardop saam:

“Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige!

Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid.”

Onthou:

Ons doelwit by die Groeigroepe in 2026 is om in dié jaar elke groep **aan te moedig** (*soos Sondag se teks in Hebr 10 ons geleer het*), om ten minste een nuwe groeigroep te help begin, sonder om julle bestaande groep prys te gee.

**Huisgeloof- en groeigroepmateriaal**

Sondag 8 Maart 2026
Tema: **Hier is ek!?**




**Verloop van byeenkomste**

1. **Lief en leed**:

Deel met mekaar hoe dit met elkeen gaan

2. **Gebed**

- Laat iemand Jesaja 6:8 lees:

"Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees?" Ek het geantwoord: "Hier is ek! Stuur my!"
Bid die woorde elkeen sag tot die Here op julle eie: **"Hier is ek! Stuur my!"**

3. **Gestuur**

Elke groep het 2 gestuurde opdragte gehad:

a) Om 'n stuursel te kontak, te ondersteun en voor te bid
b) Om 'n nuwe groeigroep te begin (sonder om julle eie te verlaat)

Hoe het julle gevorder met hierdie take van gestuurdheid?

- Stuur asseblief foto's hierdie week na julle spanleier, soos gevra op 8 Februarie.

## Skrif:

**Teks: (Lees die hele Jesaja 6:1-13 saam)**

- Deel met mekaar verhale van geleenthede waar jy beleef het dat God by jou is. (Dalk waar jy ook soos Jesaja gesê het, Here hier is ek!)

________________________________________

________________________________________

________________________________________




- Deel met mekaar stories waar jy dalk al baie opgewonde was om iets te gaan doen en toe die werklikheid jou tref oor wat jy moet doen, toe is dit nie meer so lekker nie.

Vir Jesaja was hierdie belewenis dalk so ‘n uitdaging. Hy beleef hoe ons Heilige God hom kom rein maak en dat hy voel dat hy enige iets sal kan doen! As die opdrag dan kom, dan is dit nie ‘n opdrag wat gaan maak dat hy populêr gaan word nie, maar die opdrag kan moontlik veroorsaak dat mense nie baie van hom gaan hou nie.

Dit bring ons by ‘n diep vraag waaroor ons eerlik moet reflekteer: “Is ek ‘n Christen omdat ek voordeel daaruit kan trek of is ek waarlik bereid om my lewe oor te gee?”

In die verhaal besef ons ook dat God altyd die een sal wees om Homself aan ons te openbaar en sodoende vir ons die krag sal gee om die opdrag (Roeping) uit te leef. Gesels met mekaar hoe ons krag kry om ons roeping uit te leef?




*As daar nog tyd is, deel met mekaar waarvoor God jou roep in die tyd.*

________________________________________

________________________________________

**Konkrete daad:**

- Roetemerkers is daar in die gemeente om saam gevier te word. Staan dié week stil by die roetemerker van julle doop en steek 'n kers aan om julle doop te vier. Laat die groepleier elkeen se doopdatum by die kantoor aanvra as julle dit nie het nie.

**Gebed**

________________________________________